

'Bloedlyn' mylpaal vir visuele kuns op Karoo fees

COBUS VAN BOSCH

OUDTSHOORN. – Bloed, daardie gelade vloëistof wat so heilig (en onheilig) vaskleef aan 'n magdom van assosiasies, loop dik deur die intense en roerende tentoonstelling *Bloedlyn*, 'n samewerking tussen skrywers en beeldende kunstenaars onder kuratorskap van Lien Botha in die Principia Kollege.

Die skryfdissipline en die visuele kunste tree daarin met mekaar in gesprekke wat nog lank ná hierdie fees sal eggo. Kombinasies van woord en beeld is natuurlik niks vreemds in die visuele kunste nie, maar wat hier soveel bykomende dimensies gee, is die vlakke van gesprekke.

Gesprekke tussen kuns en kunstenaar, kuns en kyker, en veral tussen formele dissiplines en die kunstenaars self, vir wie samewerking hier meermale 'n ongewone en soms wrywende ondervinding was.

Oop tema

Tien kontemporêre skrywers en visuele kunstenaars pak die oop tema van *Bloedlyn* hier in pare aan. Hulle is Bongi Bengu/Vincent Oliphant, Mark Coetzee/Karin Cronje, Thembinkosi Goniwe/Vernie Plaatjies, Dorothee Kreutzfeldt/Herman Lategan, Fritha Langerman/Lettie Viljoen, Veronique Malherbe/Charles J. Fourie, Selwin Pekeur/Elias P. Nel, Lucy Pooler/Ashraf Jamal en Berni Searle/Anoeschka von Meck.

Die vertolkings is wyd en uiteenlopend. Daar is fokus op die dood (Ashraf Jamal/Lucy Pooler), bloed, liggaam en lewensskepping (Karin Cronje/Mark Coetzee), die diepgang, omvang en term "Bloedlyne" self (Vincent Oliphant/Bongi Bengu), verlies, verjaging en herinnering (Anoeschka von Meck/Berni Searle), die vrou (Lettie Viljoen/Fritha Langerman), verhoudinge (Charles J. Fourie/Veronique Malherbe), kollektiewe identiteit en vooroordele (Herman Lategan/Dorothee Kreutzfeldt), om 'n paar te noem.

Een van die emosioneel treffendste werke op die tentoonstelling is Searle en Von Meck se eenvoudige en terselfdertyd gelade installasie *Julle moet nou Trek*, wat so duidelik op 'n groot Suid-Afrikaanse verhaal van betrekking is.

Afdrukke van liggame in (bloed) rooi sand, stem-opnames (uit 1936) van verjaagde Boesmans (in Afrikaans en hul inheemse taal) skep met die eerste kennismaking 'n oorweldigende stemming van verlies, afwesigheid en uitgestorwenheid – van taal, identiteit en mense self.

Tog, wil Van Meck straks in haar ewe roerende meegaande gedig, *Treksleë*, vertel, loop daar – ondanks (of te danke aan) die verjaging en diaspora – steeds 'n (bloed)lyn, deur die taal, dalk deur bloed self. En een wat ook vertel hoe die getye draai en

wie vandag kan sê: "Julle moet nou Trek".

Lettie Viljoen en Fritha Langerman se reeks werke, onder die titel *'n Opening is 'n skeur*, is een van die suksesvolste kombinasies op die tentoonstelling. 'n Vyftal "vrouetipes" – moeder, dogter, minnares, koningin en maagd – word met woord en gevonde voorwerpe belig teen die agtergrond van die wetenskap (dierkunde, genetiese navorsing, museumkunde) – velde waar teks, objek en prent onlosmaaklik is.

Ander werke wat ook bybly, sluit in die van Fourie/Malherbe en Cronje/Coetzee. In *Al this useless Beauty...*, met sy visueel oorweldigende magdom van verwysings, fotografie – persoonlike objekte, haiku's en liggaamsvloëistowwe (bloed, moedersmelk en semen) – ondersoek Fourie en Malherbe hul eie herkoms, lewensverhaal en liefdesgeskiedenis (en toekoms).

Coetzee se fotografie, met hul suggesties van bloedbedekte hande en geslagsdele, word goed aangevul deur Cronje se kort gedig waarin bloed en liggaam gevier word as membraan en vrug van die lewe.

Die projek van Lategan en Kreutzfeldt – hulle kon mekaar ooglopend nie vind nie – kon lelik skeefgeloop het, was dit nie vir Annelie de Wet se toevoeging van spreuke deur C. J. Langenhoven nie.

Persepsies van en vooroordele oor die Afrikaner, die KKNK self en omstredenhede by die fees, wat deur Lategan uitgelig is, word slim omgekeer en in perspektief geplaas deur Langenhoven se spreuke.

Jamal en Pooler kon ook nie 'n dialoog met mekaar bewerkstellig nie, maar hul refleksies op dood, verhoudinge en verlies had op sy eie wel meriete.

Met Oliphant en Bengu het dit gesukkel. Elemente uit 'n gedig van Oliphant is te gefragmenteerd aangewend, en Bengu se meegaande illustrasies doen nie veel om die werk uit obskureit te lig nie.

Veelvlakkigheid

In die algemeen is *Bloedlyn* geensins 'n "maklike" tentoonstelling nie. Daar is 'n genuanseerdheid en veelvlakkigheid wat kykers bykans daelank besig kan hou.

Dit is ook nie 'n "goedvoel" tentoonstelling nie – die titel self dui daarop. Dis werke wat krap, die aandag vestig op menslike kondisies, die land se pynlike geskiedenis en wat vrae vra. En, soos dit aangrypende konsepkuns betaam, is dit meermale vol oop eindes.

Daarom is *Bloedlyn* nie net 'n belangrike tentoonstelling binne die breë Suid-Afrikaanse kunsopset nie, maar, saam met 'n randfeestentoonstelling, *De Kat se Oos Wes Tuis Bes*, vorm dit 'n mylpaal vir die visuele kunste op die KKNK. Dit wys wat bereik kan word wanneer kundiges aangestel word om as kurators 'n blik te lewer op die krag van kontemporêre Suid-Afrikaanse kuns.

Alte Burger 27/3/99